{Onversorgde kern aantekeninge van die liturg}

GELOOFSGROEI

Tekste: Gesang 180; Gesang 181; Markus 12: 29-31 (1983); 1 Petrus 2: 3-9 (1983).
Liedere: Gesang 176 x 2; Gesang 177 x 2; Gesang 182: 1-3; Gesang 184: 1-4; Gesang 284: 1-3.

AANKONDIGINGS:

KLOK: Stilte en tyd vir nadenke ...

Ons moet in staat wees om die liefde wat ons van God ontvang het, met ander mense op ons pad deel. Ons moet bereid wees om deur dade van liefde, getuies vir God te word. Daarvoor sal ons in ons geloof moet groei; kan dit? En as dit kan, hoe?

Gemeente kom ons sing saam uit Gesang 176 x 2, daarna die votum en die seëngroet. Gevolg deur Gesang 177 x 2.

VOTUM:

Eer aan die Vader en die Seun en die Heilige Gees, soos dit was aan die begin en so ook nou. Van ewigheid tot ewigheid. (vgl. Gesang 180)

Tekste: Gesang 180; Gesang 181; Markus 12: 29-31 (1983); 1 Petrus 2: 3-9 (1983).
Liedere: Gesang 176 x 2; Gesang 177 x 2; Gesang 182: 1-3; Gesang 184: 1-4; Gesang 284: 1-3.

SEËN:

Gee ons ware vrede, Jesus Heer. Amen. (vgl. Gesang 181)

VOORLEES:

Vir gelowiges is dit belangrik om God en alle mense onvoorwaardelik lief te hê. Ons leer dit in Jesus se woorde in Markus 12: 29-31 "*Jesus antwoord hom: Die eerste is: Luister, Israel, die Here ons God is die enigste Here. Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand en met al jou krag. Die tweede is: Jy moet jou naaste liefhê soos jouself. Geen ander gebod is groter as die twee nie*."

Hiermee som Jesus al die wette van die Ou Testament op. Liefde vir mekaar is iets wat voortvloei uit ons geloof in God. Gelowiges deel nie net hulle geloof in God nie, maar ook in mekaar se lief en leed. Gelowiges aanvaar verantwoordelikheid om mekaar en ook ander wat nie

deel van die kerk is nie, te vertroos, te bemoedig en te versorg.

Gemeente laat ek nou vir ons ‘n gebed voorlees. Ons kan elkeen in ons hart so spreek ...

“Here, Redder, groot en magtig, U oorskou ons lewenspad.

In u liefde en genade het U ook ons hand kom vat.

Heer, u leiding bring bevryding – U het ook my hand kom vat.

U, my Redder, groot en magtig, U het my ook raakgesien.

Ek is feilbaar, swak, onseker, tog wil ek U dankbaar dien.

God, my Here – U is Here! Vas kan ek op u vertrou.

Lei my, Heer, na die bestemming in u woord my opgedra.

Laat my leef en werk met vreugde want dit sal volharding vra.

Heer, u lyding bring bevryding – al ons skuld het U gedra.

Amen.” (Vgl. Gesang 280)

Ons geloofsbelydenis is woorde van Gesang 179 wat ek vanmore vir ons gaan voorhou ...

“*Vader in die hemel, U beheer ons lewe, ons aanbid U. Jesus Christus, Redder, U beheer ons lewe, ons aanbid U. Heilige Gees, ons Trooster, U beheer ons lewe, ons aanbid U.*”

SANG:

Gemeente sing saam met my Gesang 182: 1-3 – Ons wil, o Heer, U loof en eer.

PREEK:

Liewe gemeente, lees saam met my uit die Woord van die Here – 2 Petrus 1: 3 – 9

“3Sy Goddelike krag het ons alles geskenk wat ons nodig het om te lewe en Hom te dien. Dit kom deurdat ons Hom ken wat ons geroep het deur sy heerlikheid en mag.

Tekste: Gesang 180; Gesang 181; Markus 12: 29-31 (1983); 1 Petrus 2: 3-9 (1983).
Liedere: Gesang 176 x 2; Gesang 177 x 2; Gesang 182: 1-3; Gesang 184: 1-4; Gesang 284: 1-3.

4Deur dit te doen, het Hy ons die kosbaarste en allergrootste gawes geskenk wat Hy belowe het. Daardeur kan julle die verderf ontvlug wat deur begeerlikheid in die wêreld werksaam is, en deel kry aan die Goddelike natuur. 5En juis om hierdie rede moet julle alles in die stryd werp om julle geloof te verryk met deugsaamheid, die deugsaamheid met kennis, 6die kennis met selfbeheersing, die selfbeheersing met volharding, die volharding met godsvrug, 7die godsvrug met liefde onder mekaar en die liefde onder mekaar met liefde vir alle mense.

8As julle dit alles besit en dit neem steeds toe, sal julle met ywer en met vrug ons Here Jesus Christus beter leer ken. 9Iemand wat hierdie dinge nie sy eie gemaak het nie, is kortsigtig; nog erger, hy is blind en het vergeet dat hy van sy vroeëre sondes gereinig is."

Daar is geen sekerheid dat 1 & 2 Petrus deur die Apostel Petrus self geskryf is nie. Al begin hierdie twee dokumente met die woorde: "*Van Petrus, 'n dienaar en*

Tekste: Gesang 180; Gesang 181; Markus 12: 29-31 (1983); 1 Petrus 2: 3-9 (1983).
Liedere: Gesang 176 x 2; Gesang 177 x 2; Gesang 182: 1-3; Gesang 184: 1-4; Gesang 284: 1-3.

---

apostel van Jesus Christus" – Calvyn het gesê hierdie twee dokumente is moontlik deur een van Petrus se dissipels geskryf ... 'n getuienis van die Apostel Petrus se gedagtes, gedagtes wat hy in 'n openbaring van Jesus Christus ontvang het.

In die algemeen wil Petrus sê elkeen van ons het die opdrag om nie net oor die liefde van God te praat nie, maar om dit inderdaad uit te leef. Namate 'n mens jou geloof uitleef kom jy nader en nader aan God. As jy met jou hart en verstand besef dat God jou van jou sonde skoon gewas het, dan sal jy wil groei, dan sal jy jou geloof wil verryk.

Ons moet ook nie net mense liefhê van wie ons hou nie. Dit is makliker ... Jesus sê selfs die ongelowiges kry dit reg. Ons uitdaging is om mense lief te hê van wie ons selfs nie hou. Liefde vir alle mense beteken dat ons hulle op geen manier sal kwaad aandoen of benadeel nie.

Tekste: Gesang 180; Gesang 181; Markus 12: 29-31 (1983); 1 Petrus 2: 3-9 (1983).
Liedere: Gesang 176 x 2; Gesang 177 x 2; Gesang 182: 1-3; Gesang 184: 1-4; Gesang 284: 1-3.

Hiervoor sê hy, het ‘n mens opregte geloof nodig. Hierdie geloof kom van God, maar ons moet dit in ons laat groei.

Hoe kan my geloof groei? In Petrus se gedagtes is daar agt maniere: (i) deugsaamheid, (ii) kennis, (iii) selfbeheersing, (iv) volharding, (v) Godsvrug, (vi) liefde onder mekaar, (vii) liefde vir alle mense en (viii) om Christus beter te leer ken.

Ek wil nie vanmore deelneem aan ‘n teologiese debat of daar iets soos geloofsgroei moontlik is of nie. Kom ons sê daarom eerder daar is, volgens Petrus, agt dinge wat my kan help om my geloof te verryk. Petrus sê ons moet alles in ons vermoë doen om ons geloof te verryk ... dit moet onder ons ‘n prioriteit wees. Ons moet doelbewus en hard daaraan werk. Persoonlik glo ek hierdie teks kan ons baie help, ons kan werklik op ‘n praktiese manier leer om ons persoonlike geloof te verdiep.

Tekste: Gesang 180; Gesang 181; Markus 12: 29-31 (1983); 1 Petrus 2: 3-9 (1983).
Liedere: Gesang 176 x 2; Gesang 177 x 2; Gesang 182: 1-3; Gesang 184: 1-4; Gesang 284: 1-3.

Ek wil u mooi vra om vanmore eerlik met uself te wees. Soos ons deur hierdie agt sake dink, vra uself af: het ek nodig om hieraan te werk? Hoe gaan ek hieraan werk? Hoe kan dit my geloof verryk?

Kom ons begin die moeilike reis ...

(i) Deugsaamheid: ‘n Ou Afrikaanse woord wat maar net beteken om die goeie dinge te doen. Om die regte dinge te doen. In die Bybel vir almal vertaling lees ons: “*om goeie dinge vir ander mense te doen*”.

Ek dink hier aan Jesus wat gesê het hy was honger en niemand het hom iets gegee om te eet nie ... Hy was dors en niemand het hom iets gegee om te drink nie ... hy was in die tronk en niemand het hom besoek nie.

Tekste: Gesang 180; Gesang 181; Markus 12: 29-31 (1983); 1 Petrus 2: 3-9 (1983).
Liedere: Gesang 176 x 2; Gesang 177 x 2; Gesang 182: 1-3; Gesang 184: 1-4; Gesang 284: 1-3.

Ek dink aan mense wat Paulus se sendingwerk geborg het. Gemeentes wat Paulus gehuisves het, in die tronk besoek het.

Ek dink aan mense in hierdie gemeente wat soveel goed doen vir die kerk en vir mense van die kerk ... ‘n boodskappie stuur, iemand iewers gaan besoek ... iemand iewers heen vat ... ‘n borg om die gemeente se bediening en diens uit te bou ... harde werk in diens van die gemeente = Dit is deugsaamheid, om iets goeds vir iemand anders te doen.

(ii) Kennis: Ek het dit al genoem, maar sal weer daaroor getuig. Toe ek ‘n finale jaar katkisant in Kempten gemeente was is ons deur twee ouderlinge en die dominee gekatkiseer (Sondae en Donderdae). Een ouderling het Bybelkennis gegee, die ander ouderling Kerkgeskiedenis en die dominee geloofsleer. Geloofsleer was uit die kortbegrip: vrae en antwoorde wat ons uit ons kop moes leer.

Tekste: Gesang 180; Gesang 181; Markus 12: 29-31 (1983); 1 Petrus 2: 3-9 (1983).
Liedere: Gesang 176 x 2; Gesang 177 x 2; Gesang 182: 1-3; Gesang 184: 1-4; Gesang 284: 1-3.

So het dominee Wimpie Steyn Donderdae in die gang van die kerk afgestap gekom ... amper soos ‘n sersant-majoor of iets. Sandra wat is my vraag? Dan moes Sandra regop vlieg en amper op aandag sê: vraag 13, dominee. Jan: Vraag 13? Wat is geloof, dominee. Hans? Geloof is die kennis van die Woord van God en vertroue in die God van die Woord, dominee = Geloof is kennis van die Woord van God.

Ek wil begin deur te sê ons kry kennis van die Woord van God deur Sondagskool / Bybelstudie en die erediens. Ek kry ook kennis van die Woord van God as ons by die huis self sistematies deur die Bybel lees en leer.

Die ander dag vra die dominee vir die kinders: Wie se donkie het met hom gepraat? Die seuntjie voor in die ry het sy hand opgesteek en gesê ek weet – ek weet. Ja sê maar! Die seuntjie: oom dominee dit is Shrek se donkie. Die seuntjie is nie verkeerd nie, maar dit is ironies. Met

Tekste: Gesang 180; Gesang 181; Markus 12: 29-31 (1983); 1 Petrus 2: 3-9 (1983).
Liedere: Gesang 176 x 2; Gesang 177 x 2; Gesang 182: 1-3; Gesang 184: 1-4; Gesang 284: 1-3.

Bybel kennis sou ons sekerlik geweet het dit is Bileam se donkie wat met hom gepraat het. Ek wonder hoeveel van ons kinders ken die Bybelse verhaal van Bileam en God wat deur sy donkie met hom gepraat het.

Wie het nou weer gesê: my volk gaan ten gronde weens ‘n gebrek aan kennis. Die profeet was reg, die kerk, gelowiges gaan ten gronde weens ‘n gebrek aan kennis.

Hoe lyk my Bybelkennis?

Hoe lyk my kinders se Bybelkennis?

Vir die van ons wat gedink het Sondagskool is genoeg om Bybelkennis op te doen – dink weer mooi. Uit die 52 Sondae per jaar is daar ongeveer 24 Sondae wat nie vakansie of langnaweek is nie. Sê ons klas is 20 min op ‘n slag, dan is dit 8 ure per jaar en daarvan kom die gemiddelde kind ongeveer 4 ure per jaar klas toe. Vier

ure per jaar? Oor die vier jaar wat die kinders in die hoërskool is, 16 ure in totaal. Is dit genoeg?

Weens ‘n gebrek aan kennis van die Woord van God sal ons geloof ook vervlak, tot niet gaan. Hoe gaan ek my eie kennis uitbou? Hoe gaan ek sorg dat my kinders se Bybelkennis verbeter? Wat kan die kerk doen?

(iii) Selfbeheersing: Die HAT sê dit is om ‘n mens se drifte en drange te bedwing. Dit is wanneer jou kennis van God en God se Woord jou woorde, dade en gedagtes bepaal.

Die Bybel leer dat selfbeheersing beteken dat ons die tong sal beheer. Alhoewel een van die kleinste deeltjies van die mens se liggaam, kan dit groot skade aanrig. Die tong is al in die Bybel beskryf as ‘n twee snydende swaard. Op ‘n ander plek in die Bybel lees ons dat ‘n skip se roer maar baie klein is, maar dat dit die hele skip in ‘n rigting kan stuur. Moenie kwaad praat nie. Moenie skinder

nie. So leer ons kennis van die Bybel ons meer oor selfbeheersing.

As ek en jy wil werk aan die verdieping (verryking) van ons geloof dan sal ons selfbeheersing van ons tong moet oefen. Anders as wat die wêreld sê is dit nie ons reg om te sê wat ek wil nie. Ek moet dink aan wat God wil hê en God sal nie wil hê dat my tong ander mense moet seermaak nie. Weet u as ‘n ding gesê is, is dit gesê en dit is amper onmoontlik om dit te kan uitvee.

As ek selfbeheersing reg verstaan dan beteken dit eintlik niks anders as God-beheersing. God neem beheer van ons gedagtes, woorde en dade. Onthou die bandjies wat so baie mense gedra het: *What would Jesus do*? Dit is selfbeheersing.

Om selfbeheersing te kan toepas moet ons ook ons woede kan beheer. In ‘n boek oor woede skryf die skrywe woede is ‘n natuurlike ding – woede is ‘n waarskuwingslig

wat sê iets is nie reg nie. Hy sê daar is dus niks verkeerd met woede nie, maar die gevaar lê in wat ons met ons woede maak. As ek vrye uiting aan my reg tot woede gee is dit nie selfbeheersing nie en sal dit my verhouding met God en die mense rondom my verwoes.

Ons het nie eers vandag gepraat oor ons selfbeheersing ten opsigte van die vernietiging van God se skepping nie. Ek dink weens ‘n gebrek aan selfbeheersing is die kerk leeg en die tronke vol.

Hoe lyk jou selfbeheersing?

Watter voorbeeld stel jy vir jou kinders / kleinkinders ten opsigte van selfbeheersing?

Ons gaan volgende Sondag weer met hierdie gesprek aan. Ek dink aan die dae toe ek nog hard geoefen het. Ek was fiks en gesond. Ek het goed gevoel. Hoe harder en hoe meer gereeld ek geoefen het hoe meer kan ek doen.

Tekste: Gesang 180; Gesang 181; Markus 12: 29-31 (1983); 1 Petrus 2: 3-9 (1983).
Liedere: Gesang 176 x 2; Gesang 177 x 2; Gesang 182: 1-3; Gesang 184: 1-4; Gesang 284: 1-3.

Kom ons begin ook weer geestelik fiks word. Hoe harder ons aan hierdie geestelike oefeninge werk, hoe meer repetisies sal ons kan doen. Jy weet moes; eers doen jy moeilik 10 opstote, dan 20 ... 30 ... 40 ... 50 meer en meer. Kom ons begin hierdie week weer geestelik fiks word deur hard te begin oefen. Oefening is nooit lekker nie, jy moet opofferings maak en jy moet aanhou; maar dit is al hoe jy fiks word. Deur aan te hou met jou geestelike oefeninge kan jy geestelik fiks word.

Kom ons begin hierdie week doelbewus met ‘n paar geestelike oefeninge: (i) deugsaamheid, (ii) kennis, en (iii) selfbeheersing.

Amen.

SANG:

Kom ons sing Gesang 184: 1-4.

Tekste: Gesang 180; Gesang 181; Markus 12: 29-31 (1983); 1 Petrus 2: 3-9 (1983).
Liedere: Gesang 176 x 2; Gesang 177 x 2; Gesang 182: 1-3; Gesang 184: 1-4; Gesang 284: 1-3.

SEËNGROET: Gesang 284: 1-3